KAMMANUUS

Nommer 347 11 Maart 2013

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER

'n Proeseltjie Griekeland en lekker calamari

Daar het nou ook al soveel water in die see geloop dat die skeepvaart se herinneringe al hoe sagter en snoesiger begin word. Teen die tyd trek die grênd tannie nou al daar by Australië.

Van groot skepe gepraat, ek lees nou die dag daar word nou 'n duplikaat Titanic gebou in Sjina. Die skip seil blykbaar met sy nooiensvaart, ook soos die eertydse eweknie, van Southampton na New York. Die beplande roete is egter baie verder suid vanf die oorspronklike een omdat die man nie weer wil loop kopstamp met 'n ysberg nie.

Ja nee, die rondritserry ruk nou heeltemal hand uit. Ek hoor juis Dennis Tito, die wêreld se eerste ruimtetoeris, het nou sy oog op Mars! Hy soek glo nou 'n paartjie wat bereid is om teen 2018 'n 501 dae retoertrippie na Mars te onderneem. Sonder om af te klim.

Op 'n onlangse radioprogram hier in Doha, hoor ek hulle grootste probleem gaan bestraling wees, en die gevolglike kankers wat 'n mens kan kry. Om die bestraling te help afskerm, gaan hulle blykbaar die paartjie se uitskeidingstowwe in die wand rondom die ruimtetuig versprei.

Verder gaan die tweetjies se vloeistowwe ook oor en oor herwin word om weer te drink. Voor jy dalk jou neus optrek, dis 'n bekende feit dat die water wat baie van julle in groot stede drink, reeds voorheen deur ten minste drie paar niertjies was

Maar terug op die Queen Mary, ons seil toe suid van Sardinië en Italië verby en daar gee die kommodoor vir ons die eerste slegte nuus. Weens stakings in die Griekse hawe van Piraeus gaan ons nie meer daar aandoen nie.

Ons was nog nie vantevore in Griekeland nie, so die teleurstelling was nogal groot. Annabelle het erg verleplippie gekry oor haar Akropolis-uitstappie wat ons gaan mis. Ons mik toe vir Kreta en die hawe van Heraklien.

Daar verken ons toe maar die steiltes van hierdie tipiese Griekse hawedorpie. Howel dit 'n toeristebestemming is, het hulle het blykbaar nog nooit so 'n groot boot in hulle hawetjie gehad het nie.

Oral is daar net die gebruiklike tierlantyntjies en fieterjasies wat net mense op vakansie sal koop. Kamermaatjie is ook nie links nie en koop 'n regte, egte wit en blou Griekse bloesie. Ons raak ook verliefop 'n groot plat ronde klipskyf met een of ander hiërogliewe daarop gekerf. Dit het nogal 'n sterk ooreenkoms met ons Inka-sonkalender wat met die trek Onrus toe gebreek het. Nog 'n paar ekstra kilogramme vir ons ses reeds oorlaaide tasse.

Bo teen die bult gaan sit ons by 'n straatkafee en drink 'n skaflike plaaslike koffie. Hier vlak by ons kom neem 'n kleuter stelling in met 'n pensklavier wat amper groter is as hyself. Hy trek skaars weg met 'n lekker voetejeukdeuntjie, of die winkeleienaar oorkant die straat kom verwilder hom. Met die afdrentel kry ons hom weer op 'n trappie sit en speel. Dié keer kry ons darem kans om 'n paar munte in sy blikkie te gooi.

Ons reismaats het ons vertel van 'n plaaslike populêre visrestaurant daar naby, en gou neem ons stelling in agter 'n botteltjie Ouzo, 'n kraffie witwyn en bestel 'n bord bord vars calamari en goudgeel skyfies. Die reuk van knoffelbotter en vars gebakte vis hang swaar in die lug. Dit druis en gons van lekker eet en gesels in die vol kafee.

Ons kuier heerlik en waggel heelwat later vrolik daar uit, glip in 'n huurmotor in wat ons vlak voor die boot aflaai. Laatmiddag vertrek ons. Volgende stop Egipte en die Suez-kanaal.

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

MENSE WAT

NETJIES

IS, IS NET TE

LUI

OM GOED TE SOEK



Die perdevleis-debakel kring ook wyd uit in Duskantland, veral nadat bevind is die wildsbiltong wat bemark word, is dikwels 'n bietjie wilder as wat jy dink.

• Kosetikette gaan nie langer die kilojoule-inhoud aandui nie, maar die perdekrag.

• My dokter het gewaarsku ek moet kyk wat ek eet, so ek het kaartjies vir die Durban July gekoop.

• O, die donkie, o, die donkie is 'n wonderlike ding Hy rek die *mince* en maak meer wins O, die donkie is 'n wonderlike ding

• Al die dames wat nog wag vir haar ridder op die wit perd: Gaan aan met jou lewe, jou perd is klaar geslag en opgeëet!

Die herkoms van ons gesegdes (3)

Disnis: Iemand disnis werk, loop, speel, hardloop (iemand vêr wen.)
Vervorming in die volksmond van distance – 'n renperd moes met meer as 100 treë wen om met 'n "distance" te wen, wat toe disnis in Afrikaans geword het.

Donkiejare: Donkiejare laas (baie lanklaas.)
Hierdie donkiejare is 'n vertaling van 'n flater wat reeds in die Engelse weergawe sit. Die uitdrukking lyk nou onlogies aangesien die jare van 'n donkie nie noodwendig so lank is as wat mens sou dink nie. In Engels is dit beslis donkey's years, maar dit was oorspronklik as long as donkey's ears, dus so lank as die ore van die donkie. Dit het reeds daar verbrou geraak tot donkey's years, en ons het blindelings in Afrikaans vertaal.

Druif: Die druiwe is suur (iets verkleineer wat jy graag wil hê maar nie kan kry nie.)
Na aanleiding van die fabel van Esopus waarin die jakkals tevergeefs probeer het om die trosse by te kom en toe vir almal vertel het dat die druiwe in elk geval suur is.

Duie: In duie stort (misluk, tot niet raak.)
Die duie is die segmente van 'n houtvat wat deur die hoepels in posisie gehou word. As die hoepels losraak, stort die vat in duie uitmekaar.

BREINBOELIE

Ek is een van vyf
Klein en hard en rond van lyf
Die een wat my gestuur het is bekroon
En my ontvanger is met die dood beloon.
Wie of wat is ek?
Die antwoord is agteraan AGTEROS.

GOEIE ADVIES vir getroude mans:

Moenie lag vir die keuses wat jou vrou maak nie – onthou, jy is een van hulle.

Verveeld by die werk?

Al wat jy nodig het, is 'n potlood, 'n vel papier, 'n paar dooie vlieë op jou vensterbank en verbeelding.



STORIES UIT DIE ABO

Deur LAPPE LAUBSCHER

Was al die Boere in die oorlog dapper?

OP 'n dag gaan kuier ons uit die Kaap by my ma se niggie in die Ventersdorp-omgewing. Sy en haar man, Koos Visser, het op 'n plaas gebly met 'n naam wat jy vandag nie meer in enige geselskap noem nie.

Daar het ek die eerste en enigste keer 'n kryger ontmoet wat self in die Anglo-Boereoorlog gedien het. Hy was oom Niklaas Claassen. Met dié dat my ma so spog oor haar seuntjie se belangstelling in die geskiedenis en veral in die oorlog, word ek nader aan oom Niklaas gedruk.

"Toe, vra die oom nou oor die oorlog," word daar gepor.

Oom Niklaas was toe reeds blind. Sy gehoor was egter goed en ek onthou nog sy ruie grys baard met die pypolievlekke soos roeskolle. Sonder dat ek weet hoekom, vra ek toe heel onskuldig "Oom, was al die Boere dapper?"

Die oom gee so 'n pyprookkuggie. Toe vertel hy my die storie.

Hy was 'n penkop in die kommando van genl. Koos de la Rey, vertel hy. Saam op kommando was Siener van Rensburg. Elke keer as die generaal 'n besluit moes neem, wou hy eers weet of die Siener nie dalk iets kon "sien" wat met die besluit kon help nie.

Soos die oorlog gevorder het, het die generaal agtergekom dat die Siener soms misgekyk het. Teen die einde van die oorlog wou De la Rey telkens tog by wyse van spreke 'n tweede opinie ook kry.

Dié dag wou die manne uitspan. Siener het gereken dat daar geen Engelsman in die omgewing was nie. Maar die generaal was onrustig. Hy vra toe vir Niklaas Claassen, wat die jongste in die kommando was, om 'n koppie uit te klim en net Siener se gevoelentes te bevestig.

Oom Niklaas Claassen kug eers weer en gaan toe aan.

"Met die klim teen die koppie raak ek bang. Daar op my eie raak ek bang. Vreeslik bang. Ek was nog jonk en wou nie nou sterf nie," vertel hy my.

So van rots tot rots het hy met kloppende hart die koppie uitgeklim.

Uiteindelik sien hy 'n groterige rots aan die bokant van die koppie en reken dat as hy net die rots kan bereik sou hy veilig die vlakte aan die anderkant kan bespied.

"Ou kinta, dit was toe ek so om die rots kyk, dat ek behoorlik vierkantig in die oë van 'n kakie kyk. Hulle moes ook 'n siener gehad het wat hulle nie vertrou het nie."

"En toe, oom?" vra ek toe dit lyk asof Niklaas Claassen klaar gepraat het.

"Toe, my boetie, toe hardloop ek. Ek verwag elke tree wat ek gee om die doodskoot te kry. Maar niks gebeur nie. Dit was toe ek uitasem halfpad bult af agter 'n groot klip ingeval het, dat ek vir die eerste keer kon hoor hoe rol die klippe aan die anderkant van die koppie af soos die Engelsman ook hardloop.

"Dapper vra jy my? Nee my kind, in 'n oorlog wil jy graag bly leef."

Die Romeine het geglo, "Dulce et decorum est pro patria mori". (Dit is goed en edel om vir jou land te sterf.)
Hulle was verkeerd.

NASKRIF deur Kammanuus: Die veelbesproke Siener van Rensburg was volgens die historikus Fransjohan Pretorius self nie een van die dapperste Boere op kommando nie, maar een wat tydens veldslae verkieslik die laer opgepas het.

Die Suid-Afrikaanse volkslied

As jy 'n bietjie moeite wil doen, wag hier groot pret op jou. Tik hierdie skakel in en kyk en luister wat gebeur:
http://www.facebook.com/photo.php?v=10151410835801070

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

GRAFSKRIFTE

Harry Edsel Smith, New York *1903 +1942:
Hy het in die hysbakskag opgekyk om te sien of die hysbak op pad af is. Dit was.

Iewers in Suid-Afrika:
Hier lê die liggaam van my vrou Meraai
Sy het regs gewys, maar links gedraai.

In Nieu-Meksiko:
Ek lê liewer hier as op enige plek in Texas.

Key West, Florida:
Ek het julle gesê ek is siek.

ONWILLIGE VROUE

Hoekom raak vroue deesdae al hoe onwilliger om te trou? Omdat hulle eerder spek in die yskas wil hê as 'n vark in die sitkamer.

DOKTERS GEE RAAD

Die vrou sê aan haar dokter: "Ek het 'n seer rug."
Die dokter sê: "Dis ouderdom."
Die vrou sê: "Ek wil 'n tweede opinie hê.
Die dokter sê: "Goed. Jy's ook lelik."

Die man stap by die dokter in.
"Ek het my arm op verskeie plekke gebreek."
Die dokter se raad?
"Moenie weer soontoe gaan nie."

STERK DOSIS WERK

Die vrou stap by die apteek in en praat met die apteker.
Dame: "Het u Viagra?"
Apteker: "Ja."
Dame: "Werk dit?"
Apteker: "Ja."
Dame: "Kry jy dit oor die toonbank?"
Apteker: "Ek kan as ek twee neem."

BLONDIE

Wat doen 'n mens as die vleisprys opgaan?
Jy koop minder vleis.
Wat doen 'n mens as drankpryse opgaan?
Jy koop nóg minder vleis.

NAGMAAL

Jannie sit saam met sy ma in die nagmaal, en sy het verduidelik dat hy nog te klein is om nagmaal te gebruik.
Toe die bordjie omkom, sê sy hy moet sy sy kollekte ingooi, maar die knaap weier.
"Ek betaal nie as ek nie mag eet en drink nie," sê hy ewe kordaat.

DWALENDE HOND

Jan: "Hoekom dwaal jou hond so rond?"
Piet: "Hy is besig om al sy afsprake te kanselleer. Ons het hom gister laat regmaak."

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker

Etiket

deur Nataniël

Werksdrag

Wit sokkies word NOOIT by werksklere gedra nie, net pedofiele doen dit. Jou sokkies se kleur moet by jou broek se kleur pas, donkerblou of donkergrys sokkies pas nie by ´n swart broek en swart skoene nie.

Van skoene gepraat: Jy dra nie skoene met sole van meer as 1 cm by 'n pak nie. Onthou, hoe hoër jy staan, hoe harder val jy.

En as die skoen enige gekroomde metaal het, dra jy dit glad nie.
(Behalwe as jy navorsing oor magneetvelde doen.)

'n Das by 'n kortmouhemp lyk moer kommin, en 'n das wat te kort is, lyk nog erger.

Effekleurige dashemde met wit krae is dood; brand of begrawe dit. Moet nooit 'n geel das dra nie, dit lyk of 'n heks op jou gebraak het. Moet ook nooit 'n das met Disney-karakters dra nie. As jy ernstig opgeneem wil word, moet jy soos CNN lyk, nie soos Cartoon Network nie. Colour-code beteken NIE dat jou Disney-karakter kouse en das bymekaar moet pas nie.

Informeel

Swart belde of skoene word nie by blou jeans gedra nie.
'n Beltgespe wat groter is as jou kop word slegs gedra as jy op vakansie is in Texas of Vereeniging.

Jy dra nie ´n afmou hemp in die publiek nie, die *cherries* spek jou wel meer, maar dis slegs uit skok, jy *fire* nie hulle *jets* nie.

PT-broeke met die slits aan die kante lyk en is ongemaklik. Dra dit net as jy ander gay mans opgewonde wil maak.

Die hele doel van 'n pet, is om die son uit jou oë te hou, nie uit jou ore of agterkop nie. Dra die afdakkie na voor en as jy onder 'n dak inloop, haal dit af.

Jou broek se bokant moet op jou heupbene sit, nie onder jou gat of onder jou arms nie. Niemand stel belang hoe jou boxer lyk of watse snaakse vorme jou genitalië onder druk aanneem nie.

Nuwe bruikbare Afrikaans

Hierdie nuwe woorde het op die Woordfees op Stellenbosch opgeduik:

Speedo: Spoedbroekie

Ha-di-da: Bos-vuvuzela

Nie-alkoholiese "cocktail": Koggeldrankie

Boepens man: Rolmodel

Koffie "plunger": Moerdrukker

Vrou wat 'n "teaser" is: Koggeltert

As jy bek-af is: Verleplippie

Peperduur: Petrolduur

(Dankie aan Barry Pretorius)

MOLAFSPRAAK

"Hoe was jou molafspraak?" vra 'n kollege-student haar kamermaat.
"Aaklig!" antwoord sy. "Hy het daar opgedaag in sy 1932 Rolls Royce!"
"Sjoe! Dis 'n baie duur kar! Wat was so sleg daaraan?"
"Hy was die oorspronklike eienaar!"

Wysheid kom met die ouderdom. Soms kom die ouderdom alleen.

Kuur vir jonk word

Die meisie slaag matriek goed, en haar bejaarde ouers van die plaas skraap hulle laaste geld bymekaar om hul begaafde dogter verder in die wetenskappe te laat studeer aan die beste universiteit in Amerika.

Drie jaar gaan verby, en sy bel eendag bel met die nuus dat sy haar eerste graad geslaag het.

Sy stuur vir hulle die produk wat sy uitgevind het uit dankbaarheid dat hulle hul laaste ou geldjies gegee het om haar te laat leer.

As hulle elke week elkeen 'n teelepel van die goed drink, is hulle gewaarborg dat hulle gou-gou jonger sal wees, en met elke drinkslag daarna steeds jonger sal word.

So gemaak so gedaan, 'n paar maande gaan verby en die dogter besluit om die vakansie huis toe te gaan aangesien sy baie verlang.

Op die plaas aangekom, skrik sy amper toe sy sien hoe jonk en mooi haar ma geword het daar waar sy die stoep staan en vee.

Haar ma was skaars dertig, pragtig gebou en met die oulikste kleintjie op haar rug vasgebind, so jonk is sy.

"Hallo Ma!" skree sy, "Maar Ma het jonk geword! Waar is Pa?"

"Ja, dis 'n anner storie daai," sê haar ma. "Die derde aand wat ons daai goed van jou drink, raak jou Pa toe so suurgat dat ek baie gouer as hy jonger geword het dat hy daai bottel gryp en hom heeltemal uitsuip!"

"Liewe land Ma, waar is Pa dan nou?"

Ma : "Hier sit die Bliksem op my rug!"

Die swart en wit strepe agter op die pak maalvleis wat jy koop beteken nie dit is sebravleis nie, dis die strepieskode.

Ienkie pienkie ponkie
Suid-Afrika eet nou donkie

Hiekerie diekerie dok
ons maalvleis is nou bok

Taragie taragoe
ons eet biltong kangeroe

Kul jou hie kul jou daa
ons steaks is nou sebra

Viskoekies in die Baai
bestaan meestal nou uit haai, en daai hoender wat so dril is dikwels krokodil.

Die salami aan die hak
is dalk 'n Taiwannese brak
en die sagte pienk polonie
dalk net 'n Shetland-ponie
Maar dis als die moeite werd
die arme Britte kry net perd.

TOEKOMSGESIG

Twee fortuinvertellers sit in 'n buitelug-kafee in Kaapstad en tee drink.

"Wat 'n wonderlike dag!" sê die een.

"Ja," sê haar maat. "Dit laat my so baie dink aan Januarie 2015."

PETROLBESPAARDERS (Onder R1000)

	Bileam – 3 jaar oud. Geen radio, geen lugversorger. Ekonomiese grasvreter. 0-5 km/h in 1 uur.	**R869**	**2005**	Koop
	Jafta – 6 jaar oud. Geen radio, geen lugversorger. Pas versool. Ekonomiese grasvreter. Ry soos 'n droom. 0-5 km/h in 1 uur.	**R850**	**2004**	Koop
	Vaaltyn – 7 jaar oud. Ekonomiese grasvreter. Ry soos 'n droom. 0-5 km/h in 3 ure. Hy kan ook sing.	**R840**	**2002**	Koop
	Jakob – 7 jaar oud. Harde werker, kan ook grassnyer trek. 0-5 km/h in 3 ure. Hou van slaap. Boom opsioneel ekstra.	**R799**	**2001**	Koop
	Ontong – 8 jaar. Opgelei om waterpompe te trek. Eet soms wasgoed van die waslyn. 0-5 km/h in 4 ure. Goed vir biltong.	**R749**	**2001**	Koop

Só maak mens!

Deur RETHA KRUGER

Oorspronklike Esmé en Jan-resepte

GEURIGE LASAGNE

1,5 kg maalvleis
15 ml kookolie
270 g gekapte uie
2 geskilde en gekapte knoffelhuisies
4 gekapte tamaties nadat skil afgetrek is.
120 ml tamatiepasta
5 ml sout
2,5 ml swartpeperkorrels gemaal
20 ml bruinsuiker
5 ml basielkruid
0,4 liter vleisaftreksel (gebruik "mutton stock/oxtail stock)
62 ml vars gekapte pietersielie of gedroogde pietersielie
40 g parmesaankaas (Farmers Pride Cheddar kaaspoeier kan ook gebruik word)
Braai vleis in olie en voeg uie en knoffel by en braai verder.
Voeg tamatie, tamatiepasta geurmiddels, suiker en basielkruid by en verhit die aftreksel. Prut vir 1 uur

BECHAMEL-GEGEURDE MELK:

1,6 liter melk
135 g peperwortel gerasper
65 g selderystingel fyn gekap
1t gemaal swart peperkorrels
5 ml gekapte vars basiliekruid
Kap kruie en berei gegeurde melk deur voorbereide kruie by te voeg. Verhit en syg deur 'n doek. Laat afkoel.

STAMBOOM

Help ons familiespeurders

DELPORT vanwyk.jm@gmail.com
Kontak my asseblief indien u inligting oor die Delports en Van Wyks in die omgewing van Ladybrandt / Hobhouse in die Vrystaat het. Ons het ook bewyse van 'n Delport wat in 1902 as krygsgevangene na Bermuda gestuur is. Enige inligting hieroor is ook baie welkom!

DE VILLIERS nicholeens@yahoo.com
Ek soek meer inligting oor De Villiers-familie van De Rust. As iemand my kan help. Ek het geen inligting nie. Sarel en Louis is van die name.

ESTERHUIZEN esterhuizenjannie@yahoo.co.za

GERICKE woodworm@cybersmart.co.za
Die Gerickes van Geelhoutboom.

HUGO natashaspies@mweb.co.za
Ons wil net weet waar kom die naam Hugo vandaan?

LINTON ammuller39@gmail.com
Op soek na inligting oor Charles Robert Linton. Hy het na SA as Britse soldaat in The Blackwatch gekom. Na die ABO bly hy agter in SA en trou met n plaaslike meisie (van Port Elizabeth?).

MEIRING Pollyanna.thomson@gmail.com
Petrus Johannes Meiring van De Rust, Meiringspoort.

MULLER ammuller39@gmail.com
Hendrik Christoffel patriagale stamlyn.

OTTO willem@xwi.co.za

THIRION AmandaHO2@nedbank.com.na
Addisioneel: Soek asb. inligting oor die eerste Thirion in SA, Carl Nicoly Thirion.

VAN WYK vanwyk.jm@gmail.com
Enige iemand met meer inligting oor die Van Wyks en Delports se geskiedenis in die omgewing van Ladybrandt, Hobhouse in die Vrystaat kan my asseblief kontak.

AGTEROS

Net voor uitspantyd

"Nooit nie Ouma, hy is te vuil en stink, want hy lê sommer in sy eie bollie. Ek weet nie hoe my ma dit met hom kan uithou nie."

Dit was in die ou dae van landlyne, nog voor outomatiese sentrales en selfone toe inluister op plaaslyne nog 'n nasionale vrouesport was. So vang tant Bessie van Groenkloof, in die Boland, net die stertkant van 'n gesprek tussen Lelie Paddavlei en haar ma.

Lenie: "... nou lê hy daar in die son, so dronk soos 'n lord en roer nie eens nie. Wat moet ek nou doen, Ma?"

Ouma Martha: "Ai my kind, ek is jammer om dit te hoor, maak maar 'n beker sterk moerkoffie aan en gee dit vir die vark in. Dit behoort hom reg te ruk. Ek bel weer later om te hoor hoe dit gaan."

Van toe af is tant Bessie nooit verder as 'n paar tree van haar telefoon af nie. So teen elfuur hoor sy weer die telefoon lui. Twee kortes en 'n lange, Paddavlei se lui.

Klein Lien antwoord dié keer die telefoon. Intussen het tant Bessie ook opgetel om in te luister. Dis weer Ouma Martha.

Ouma Martha: "Hallo, my kind, is jou ma daar naby?"

Klein Lien: "Nee Ouma, sy sukkel nog om vir die dronk vark koffie in te gee."

Ouma Martha: "So, wat doen die vark nou?""

Klein Lien: "Ouma, hy is so dronk dat hy nie eens sy kop kan oplig nie. My ma probeer maar die koffie so by sy bek ingooi, maar hy lê en steun net daar in die son."

Ouma Martha: "Haai, my kind, jy moet tog vir jou ma probeer help om hom liewer in die skaduwee in te sleep, want hy kan nie so in die kookson bly lê nie."

Klein Lien: "Nooit nie Ouma, hy is te vuil en stink, want hy lê sommer in sy eie bollie. Ek weet nie hoe my ma dit met hom kan uithou nie."

Teen hierdie tyd het tant Bessie heeltemal genoeg gehoor vir die skinderstorie van die jaar. Piet en Lenie van Paddavlei kon glad nie verstaan waarom hulle daardie volgende Sondag by die kerk so skeef aangekyk is nie. Piet kon sweer dat mense selfs hulle neuse op 'n plooi getrek het as hulle in sy rigting kyk.

Veel later eers het die hele storie ontvou toe 'n vriendin met Lenie gesimpatiseer het oor Piet wat hom soos 'n vark gedra en so vreeslik suip. As tant Bessie maar net die eerste deel van die eerste gesprek gehoor het.

Dit het só geklink:

Lenie: "Ai ma, soos ma weet, is dit parstyd hier en van die druiwedoppe wat ons gebruik vir voer, het met hierdie reënweer begin gis en toe eet daai varkbeer van ons te veel daarvan en ... nou lê hy daar in die son, so dronk soos 'n lord...."

ANTWOORD OP BREINBOELIE

Een van die 5 klippies wat Dawid saam met hom geneem het om Goliat aan te durf.

KAMMANUUS verskyn weer op 25 MAART